Geliefde Lourensrivierder

Ek hoop daar is vir elkeen van julle 'n geleentheid om iewers weer energie bymekaar te maak gedurende hierdie heerlike skoolvakansietyd wat wink. Vir die onderwysers vir wie dit nog 'n liefdestaak is..... 'n masiewe dankie vir die dikwels ondankbare werk en opofferings wat jul maak. Vir die ouers..... 'n groooooot klop op die skouer vir die dolle gejaag en kophou gedurende die kwartaal terwyl onvoorwaardelike liefde julle aandryf. Vir die enkelouers.... ons salueer julle! Vir die kinders.... ons is supertrots op julle omdat julle onder geweldige groot druk, menigte take en tonne huiswerk nogsteeds doelgerig wenstreep toe nael! Mag liefde, vrede, vreugde en 'n magdom pret julle omring in hierdie tyd en mag ons hemelse Vader julle hou in die holte van Sy hand! Wees veilig.

Elke dag bly steeds 'n geskenk, so laat ons dit aangryp, leef en 'n verskil maak orals waar ons gaan!

NUUSKRUMMELS: 29 JUNIE 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

GEMEENTEVERSORGING:

Die afgelope tyd raak dit al hoe meer uitdagend om van die liefdevolle diens van Dienswerkers/Wyksverteenwoordigers gebruik te maak om ons gemeentelede by die huis te besoek vir dankoffers ens. Tye, generasies, asook die demografie het drasties verander. In van die wyke is daar nie meer Dienswerkers/Wyksverteenwoordigers beskikbaar nie a.g.v. uitredes, aftredes, mense wat wegtrek en werkendes wat te laat by die huis kom. Dit is ook net so 'n uitdaging om weer beskikbare Dienswerkers/Wyksverteenwoordigers te vind en dit is deesdae geweldig gevaarlik om rond te stap met kontant.

Na vele beraadslaging, ondersoeke en vergaderings is die volgende besluit:

- VERSORGING sal ALTYD eerste op ons prioriteitslys wees, daarom sal die huidige Dienswerkers/Wyksverteenwoordigers voortgaan met besoeke.
- Gemeentelede is enige tyd welkom om die kerkkantoor te kontak indien 'n besoek van Ds Leopold of Petrie verlang word.
- 'n Elektroniese kommunikasiesisteem (Communicator) sal spoedig gebruik word om met die hele gemeente op 'n konstante manier te kommunikeer.
- Lidmate kan alternatiewe reëlings met kerkkantoor tref indien hul dankoffers persoonlik wil gee.
- Voortdurende nuwe inligting sal steeds op ons Webtuiste (www.lourensrivier.co.za), ons FB Blad (https://www.facebook.com/OorgeeOmgeeAangee/) asook in ons Donderdag Nuuskrummels en Sondag Afkondigings beskikbaar wees.
- Die boekie-kollekteerstelsel sal stelselmatig uitfaseer soos daar nie meer Dienswerkers/Wyksverteenwoordigers beskikbaar is nie, maar koevertjies sal altyd by die deure beskikbaar wees.

Indien daar enige navrae is, kontak ons gerus by 021 853 5991

WIT OPSKEPBORDE:

Hier is nog 4 opskepborde wat agtergebly het na Pinkster asook een van die begrafnisse.

GEMEENTE-ETE T.B.V. DIE TUIN PARADYS VOEDSELFEES 2017

Graag wil ons almal bedank vir die saamwerk met ons Gemeente-ete wat op Vrydagaand 23 Junie 2017 plaasgevind het.
Agter die skerms, voor die skerms en langs die skerms en vir die harde werk. Ook elkeen wat 'n bydrae gemaak het om van die aand 'n sukses te maak. Die grootste van alles.... ons gemeente se ondersteuning! Dit was soos 'n regte familie-aand, baie dankie. Groot dankie ook aan Country sangers Wimpie Basson en span, wat die voete omtrent laat juk het, asook die fantastiese borge wat ons ontvang het. Dankie Leza van der Spuy vir foto's wat boekdele spreek van 'n genotvolle aand!
Gaan loer gerus na die foto's op ons FB blad en like sommer ons blad asb.:
https://www.facebook.com/pg/OorgeeOmgeeAangee/photos/?tab=album&album_id=1924737031096419
Alles vir God se Koninkryk! Baie dankie vir die suksesvolle aand. Ons gaan beslis weer so maak 😉
Sonder hierdie borge was daar geen verassings nie, baie baie dankie, ons waardeer opreg!

1. The Green Fountain, Gordonsbaai 38, Strand: 021-8530084; reservations@thegreenfountain.co.za
2. Nonnareen, Faganstraat, Strand: 021-8547005; nonnareen@gmail.com
3. Ben's on the Beach, Kusweg 142, Strand: 021-8537977; info@bens.co.za
4. De Brasserie, Kusweg 160, Strand: 021-853383; info@debrasserie.co.za
5. Cape Café, Kusweg 33, Gordonsbaai: 021-8560248; info@oldcapecafe.co.za
6. PNA, Strand Square, Strand; 021-8548108; marietjie@pnastrand.co.za
7. Envy Hair Design, Gordonsbaaiweg 38B, Strand: 021-853301; mariska.oelofse@yahoo.com
8. Goedehoop Apteek, h/v Broadway/Da Gamastr, Strand: 021-8532088; goedehoopapteek@telkomsa.net
9. SPAR, h/v Broadway/Da Gamastr, Strand: 021-8532095; strandspar@hotmail.com
10. JUIG! Tydskrif

Tot volgende keer. Liefde, Lourensrivier Sameroepers; Gerda en Apolonia

TUIN PARADYS VOEDSELFEES 2017

Hallo almal. Wow ...! Ons is nou besig met grOOt beplanning en kopwerk vir ons jaarlikse GROOT fondsinsameling vir God se Koninkryk.
Ons gaan vanjaar hierdie wa regte tyres laat aansit, want die tyd staan mos nie stil nie. Alles verander. Ons het hierdie jaar 'n ratkas laat installeer, alles raak nou meer elektronies. So ons Lourensrivierwa kan nie agterbly nie, dit moet moderner begin raak vir 2017 en die jare daarna.
So, liewe gemeente, ons gaan vanjaar sommer laat wheely. Dit gaan 'n fees der feeste wees. Komaan, almal klim op en wees deel van ons pret en lekkerrr harde werk!! Almal welkom, asseblief kom help!! Eerstens plak die lys vir Gebak/Produkte/Bestanddele en Stalletjie sameroepers sommer op jou koelkas, sodat jy dit kan onthou. Skakel asb die stalletjies se sameroepers waar jy met gebak of hulp behulpsaam kan wees. LYS MET IS ONDERAAN NUUSKRUMMELS BESKIKBAAR
Ons sal julle gereeld op hoogte hou deur middel van die Nuusbrief en Nuuskrummels oor wat gebeur en hoe vinnig hierdie wiele nou kan ry. Mag jou gemeente se Voedselfeeswa-sameroepers jou vra of jy groot asseblief hierdie maand jou hand in die sak kan steek om so bietjie kontant (kapitaal) in God se skatkis te gooi. Sonder jou kontantbydrae sal ons Voedselfeeswa nie kan begin beweeg nie en ons wil so graag voel hoe voel die nuwe tyres op die pad 😊
Baie dankie aan die Wyksverteenwoordigers en Dienswerkers wat spesiaal by jou huis 'n draai kom gooi vir enige bestanddele, asook vir kontant. Lidmate kan selfs elektronies of per Debietorder hul maandbydrae maak. Die bydrae kan by die kerkkantoor ingehandig word of per EFT gedoen word. Lidmate in Satelietwyke kan deur middel van 'n koevertjie, wat voorsien word, of per EFT hul bydrae maak. Ons is baie dankbaar en baie dankie.
Bankbesonderhede: ABSA Strand, NGK Lourensrivier: Rekeningnommer: 420580231 - onthou jou naam en Vfees
Enige finansiële navrae: charlene@lourensrivier.co.za of 021-8535991

"Haai, amper vergeet"..... Ons vra groot samblief – bring sommer nou al 2 liter skoongewaste roomysbakke na die kerkkantoor, asook skoon foam-a-lite bakkies vir pannekoek.

Baie, baie dankie.... Moet nog die tyres oor daai groot rims kry.

Vriendelike Tuin Paradys Groete tot volgende keer

Gerda: 021-8547191/0824661766 & Apolonia: 021-8537560/0825077091

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

SOMERSET-WES GEMEENTE: INDIESE ETE

DATUM: 7 JULIE 2017
TYD: 18:30 -19:00
PLEK: KERKSAAL NG MOEDERGEMEENTE. S-Wes
KOSTE: R100 pp (ter stuiwing van Indiese Projekspanfonds)
Slegs 100 kaartjies beskikbaar. Kaartjies by kerkkantoor of Indië projekspanlede te koop.
Geen verpligting : trek Indiese klere aan ter wille van die Indiese-atmosfeer of as jy in aanmerking wil kom vir 'n prys.
Enige navrae: Chris en Mariana Miles (021) 850-2229 Sippe Heeringa 084 956 8784

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

Indien jy vars groente wil aankoop, kan jy gerus hierdie oulike inisiatief ondersteun:

SOMERSET WEST
VILLAGE GARDEN

THE SOMERSET WEST VILLAGE GARDEN, founded in 2015 is located on Barlow Park, 41 New Street, Somerset West, Somerset West. The purpose of the SWVG is multifaceted in that garden will provide the opportunity for the unemployed to gain an accredited set of skills in vegetable gardening, serve as an educational resource on small scale organic food production in the Somerset West community as well increase access to nutritious vegetables for the community as the produce from the garden will supply the Somerset West Street People's Center.
The mission of the Somerset West Village Garden is to create a garden that will serve as a catalyst for change in the community, promote sustainable development and beautify the existing park

Greetings #C4C Supporters
#C4C_KNYSNA is one of our Ad-Hoc Projects which will take place on 9 July 2017 - where we will participate in the Knysna Cycle Tour to raise funds for projects in Knysna.
Please help us to make a difference in the people of Knysna's lives by sponsoring us per/kilometer [Vincenzo Italo Favero = 115km & Anchen Mostert = 50km] or via a once-off amount. All the funds raised for this race will go for the #C4C_KNYSNA Project.
Contact me @ 0834420082 for more details or if you would like to make a contribution.
Thank you for taking hands with us! #keepCycling4Christ
Regards, Vinnie Favero
Founder/Leader - Cycling 4 Christ, 0834420082 or info.cycling4christ@gmail.com

GELUKWENSINGS:

DOOP: Lex Louw (gedoop 18/06/17)

Baie seën aan pappa en mamma Deon & Michelle Louw asook oupa en ouma Hennie & Freda Barnard

BAIE SEëN OOK AAN SPLINTERNUWE OUPAS & OUMAS EN PAPPAS & MAMMAS

- ♥ Oupa en Ouma Deon & Arina Dixon:
- ♥ Jamie & Anelda (dogter) Fereira se seuntjie Adolf is op 16 Jun gebore ('n agterkleinkind vir oupa Ben Dixon, baie geluk!)
- ♥ Oupa en Ouma Thom & Issie Potgieter:
- ♥ William & Ilse (dogter) Meyer se seuntjie, Matthew is op 20 Jun '17 gebore
- ♥ Oupa en Ouma Wouter & Adele Burger:
- ♥ Eugene & Marissa Neethlingh (dogter) se seuntjie Alexander is op 23 Jun '17 gebore

(Ouderdom op tabel is die huidige ouderdom)

Mocke	Engela	07/07	84
Oberholzer	Dora	07/12	93
Van Heerden	Mime	07/13	87
Luyt	Hester	07/14	80
De Villiers	Ria	07/17	92
Kriegler	Joël	07/20	81
Du Toit	Jan	07/28	86
De Jager	Stukkie	07/29	90
De Villiers	Tollie	07/31	84

KNIEWERK:

- ✝ Bid vir waterkrisis en verantwoordelike gebruik van waterbronne. Dankie Heer vir mildelike reën!
- ✝ Kankerbehandeling: Paul Louw; Owen Wallis; Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- ✝ Angelique Stassen vir gesondheid
- ✝ Carel Smit vir herstel. Bid ook asb vir Linda, sy vrou (Linda het haar enkel gebreek)
- ✝ Ons innige meegevoel met Amanda Groenewald en gesin met die heengaan van haar man Ian.
- ✝ Iets vir voorbidding t.o.v. Decoligny: Sam Dandala vertrek DV eerskomende Saterdag saam met 5 jongmense van Decoligny, op 'n 10 dae uitreik na Chibuto gemeente (naby die dorp Chokwe, in die Gaza Provinsie) in Mosambiek. Hulle sal betrokke wees by jeugbyeenkomste en ook skoling aan die jeug van daardie gemeente waarby Decoligny reeds vir baie jare betrokke is. Bid vir hul veiligheid op pad en vir 'n baie geseënde besoek. Bid dat die Here elkeen van die jongmense op 'n spesiale manier sal aanraak en hulle besoek tot 'n seën vir die jeug van Chibuto gemeente sal maak.

TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 2 JULIE SE BOODSKAP: Gen 22:1-14

(VIERDE WEEK IN KONINKRYKSTYD) Wat is die groot toets van geloof waarmee Abraham hier gekonfronteer word? God vra onverdeelde lojaliteit. Hy is 'n jaloerse God. Hy alleen wil in beheer van Abraham (en ons) lewe wees. "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod." (Matt. 22:37-38). "Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aankom nie, kan nie my dissipel wees nie". (Luk. 14:27).

Om werklik dissipel van die Here te wees, vra nie net om Hom te volg nie, daardie "volg" beteken om jou eie kruis te dra, om te sterf aan jou eie belange en God se belange absoluut eerste te stel, selfs al is dit in kleinighede, selfs al is dit ontstellend, selfs al kos dit jou wat ook al. Abraham moes vir Isak op die berg Moria gaan offer – dis waar God sy geloof getoets het. Abraham het die plek waar hy Isak moes gaan offer genoem: "Die Here voorsien." Eeue later word God se Seun, Jesus Christus, op Golgota, baie naby aan Moria berg, die tempel berg, geoffer om God se liefde vir sy kinders wie in Hom glo, te wys en vir hulle verlossing van hul sondes te verwerf. Waarlik, die Here het voorsien – vir jou en my en vir almal wie in Hom glo. Hy is werklik Jahwe Jireh.

Wat is die implikasie van Gen. 22: 1 – 14 vir ons vandag?

God sal dalk nie vir jou vra om jou kind vir Hom te offer nie, maar God vra tog vir elkeen van ons om Hom eerste in alles in ons lewe te stel. Die toets waarvoor ons gestel word, is of ons bereid is om die Here onvoorwaardelik te volg met ons hele lewe. Is ons regtig bereid om ALLES op te offer wanneer die Here dit van ons vra?

Die toets vir enige mens is nie by Wie hy staan in tye wat dit goed gaan nie, maar Wie hy toelaat om sy lewe te beheer in tye wanneer daar toetse en uitdagings en versoekings kom.

RETIEF BURGER SING: U is ALLES vir my**!** https://www.youtube.com/watch?v=pYKXiHxE9qo

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE

OPNAME: PRODUKTE / BESTANDDELE / GEBAK / KONTANT

vir ons Voedselfees - 02 Sept 2017

PLAK TEEN JOU YSKAS ASB... *Onthou om te onthou!*

Kontak jou Dienswerker of die Kerkkantoor @ 021 853 5991 indien jy bestanddele/produkte/vars gebak/kontant kan bydra (opname vir Juliemaand)

Die beloofde bestanddele/produkte/kontant moet asb. nie later as 4 Aug. by die kerkkantoor ingehandig word nie (duidelik gemerk vir watter stalletjie).

Inmaak produkte / Ander Gebak: ***kontak stalletjiesameroeper.***

Beloofde "varsgebak" word eers Saterdag 02 Sept. om 08:00 na die Voedselfees gebring.

Baie-baie dankie - sonder jou hulp en bydrae sal ons Voedselfees verseker nie 'n sukses kan wees nie.

Groot asb.! *Enige soort gebak, byvoorbeeld....*		*Groot asb.!* *Bestanddele wat benodig word....*
Grootkoeke		Meel
Melkterte		Bakpoeier
Terte (Appel, Tipsy, ens.)		Eiers
Kaaskoek		Olie
Quiches		Suiker
Pasteie (groot & kleintjies)		Margarien
Hoenderpastei (groot & kleintjies)		Botter
Wildspastei (groot & kleintjies)		Jellies
Boboties (groot en kleintjies)		"Boksie vla"
Beskuit (diabeties ook)		Kondensmelk
Brode (wit, bruin, rond, plat, ens.)		Idealmelk
Muffins (alle soorte)		Versiersuiker
Kolwyntjies		Kaas
Droë Kleinkoekies		Groente
Roosterkoek		Wildsvleis
Poedings (koue & gebak)		Maalvleis
Fudge		Skaap of beesvleis
Klapperys		Hoenders
Brownies		
Tuisgemaakte lekkers		
Kindertafel: lekkergoedmandjies, ens.		
Konfyte: enige soort		

Ons het heerlike resepte vir: KLEINKOEKIE, BROOD, BESKUIT, POEDING & LEKKERS

by Kerkkantoor. KOM HAAL GERUS ☺ | *Skakel asseblief vooraf: 021 853 5991 ☺*

Baie-baie dankie! Julle is vir ons goud werd ♥

Vir gebak en hulp: kontak sameroepers aab. - ons Voedselfees het jou en my nodig!!

Voedselfees 2017 - 2 September 2017

	Stalletjies	Sameroepers	Kontaknrs.	E-Posse
1	Beskuit	Dorothea Schoeman	0845066862 / 021 854 5557	dorotheaschoeman@yahoo.com
		Suzanne Botha	0731709605 /021 854 4022	suzannebotha5@gmail.com
		Elfie du Toit	0733756727 / 021 850 8080	edutoit3@gmail.com
2	Koffie	Flip & Katy Huysamen	0829272288 / 021 853 4609	
		Frans Visagie	0824621029 / 021 853 8940	
3	Grootkoeke & alle soorte terte	Judy Potgieter	0825994941	jmpotgieter@dstell.co.za
4	Kaaskoek & Suurlemoentert	Jeanne Botha	0761539805 / 021 853 8489	jan.jeanne@hotmail.com
		Elsie Gunter	0834038716	edewaalgunter@gmail.com
5	Kleinkoekies	Corrie van Niekerk	0733634828 / 021 854 8043	barniecorrie@gmail.com
		Kotie Spangenberg	0732494815 / 021 854 7973	
		Lizette Pieters	0835005400 / 021 853 7244	lizettepieters1@gmail.com
6	Lekkergoed / Koeldrank	Marlene Moore	0726605251	mooremarlene56@gmail.com
		Coral Strydom	0826008470	coralstrydom@gmail.com
7	Kolwyntjies	Jeanette v/d Merwe	0724807485	
		Ingrid Pienaar	0835920364 / 021 843 9488	advanpienaar@gmail.com
8	Muffins (verskeidenheid)	Gerda de Villiers	0824664766 / 021 854 7191	jh.ngdevilliers@gmail.com
	Soet en Sout	Ansa de Villiers	0732636251	ansadv@rlaschool.com
9	Pannekoek	Amanda Slabber	0825869519 / 021 8548189	
10	Tee	Marguerite Kies	0843998875 / 021 854 8046	
11	Roosterbroodjies	Ingeborg de Kock	0722353716 / 021 8533927	ingeborg@qusstoday.com
12	Roosterkoeke	Gail Fourie	0837892190 / 021 856 4308	gailfourie.gf@gmail.com
		Jean du Plessis (braaier)	0722138404 / 021 853 6885	dupie2204@yahoo.com
13	Vetkoeke	Gail Fourie	0837892190 / 021 856 4308	
		Marianne Hanekom	0836031025 / 021 8508024	mymasekind@yahoo.com
14	Quiches / Soutterte	Elsa le Roux	0836555812 / 021 854 8144	spencerlerouxmot@absamail.co.za
		Jolize Voges / Liezel Hulsman	0824469260	jolize704@telkomsa.net
15	Pasteie / Bobotie / Geregte	Liesbet de Jongh	0736300268 / 021 854 8198	liesbetdejongh@yahoo.com
16	Olywe / Wraps / Pitabroodjies			
17	Poeding (koud & warm)	Suzette de Lange	0834526846 / 021 853 3577	zetdel@xsinet.co.za
		Johanna Roets	0832320813 / 021 853 7692	
18	Potjiekoskompetisie (Saterdag)	Karen Carstens	0825639506 / 021 853 2695	karen@atstransport.co.za
19	Kindervermaak / Tombola	Sanel Woodward	0827068642 / 021 854 8276	sanel@strandfoam.co.za
		Marie van der Spuy	0725832291 / 021 853 3425	marie.vanderspuy@gmail.com
		Karin Kuys	0836430653	karinkuys@gmail.com
20	Boereworsrolle	Mans Omgeegroep		
	Sameroepers: Stalletjies	Gerda de Villiers	0824664766 / 021 854 7191	jh.ngdevilliers@gmail.com
		Apolonia Maritz	0825077091 / 021 853 7560	appelsm49@gmail.com